akkoord
deur
BYBEL-MEDIA
NUWE MUSIEK VIR DIE KERK

# Akkoord – nuwe musiek vir die kerk

Akkoord is 'n nuwe musiekprojek van Bybel-Media, gebore uit 'n eenvoudige droom: om vars, singbare Afrikaanse geloofsmusiek vir die kerk te skep.

Die eerste vier liedere is spesiaal geskryf vir die NG Kerk se **Predikante SAAMkoms 2026**, maar van die begin af was die droom groter as een geleentheid. Daarom word die liedere gratis aan die kerk beskikbaar gestel, sodat gemeentes dit kan aanleer, gebruik en saam sing.

## Vier splinternuwe vrystellings




Van Langebaan tot Kathlehong, van Mitchells Plain tot Kosi-baai: **"Nuwe drome"** vra wat kan gebeur wanneer ons weer oor Suid-Afrika begin droom – nie deur weg te kyk van die werklikheid nie, maar deur raak te sien waar God reeds aan die werk is.

Die Bybelse beeld agter die lied kom uit Joël se profesie, wat Petrus op Pinksterdag aanhaal: God stort sy Gees uit; mense profeteer, sien visioene en droom nuwe drome.

Dit is daarom 'n lied oor hoop, maar ook oor deelname. Die vraag is nie bloot wat God eendag kan doen nie, maar waar Hy reeds in gewone dorpe, gemeenskappe en deur gewone mense aan die werk is – en hoe ons as kerk daarby kan aansluit.

Die hart van die lied word saamgevat in een eenvoudige reël:
"Daar waar U reeds werk, wil ons saam kom dien!"

"Kom ons skryf 'n lied oor die dinge wat ons gewoonlik probeer wegsteek." Met dié gedagte het die skrywers na die brose verhale van Bybelfigure begin kyk, en daaruit is **"As ek eerlik is"** gebore.

Die lied vra 'n eenvoudige maar ongemaklike vraag: Wat gebeur wanneer ons ophou voorgee dat ons uitgesorteer is? Die antwoord word gevind in die diep menslikheid van mense in die Bybel.

Jakob ken pyn. Eva kruip weg. Sara lag en huil. Hagar beland diep in die woestyn. Hanna vou haar hande. Dawid laat sy hart rus. Elia sit by die besembos. Jona beland in die vis. Job lê in die as. Selfs Judas word nie uit die verhaal geskryf nie.

En telkens keer die lied terug na dieselfde eerlike belydenis:
"As ek eerlik is, dit is wie ek is."



Wat as geloof nie net iets is wat jy glo nie, maar iets wat ander mense kan sien?

**"Lewende geloof"** het tydens 'n Akkoord-saamskryfsessie ontstaan en is 'n gebed vir ore wat luister, oë wat God se goedheid raaksien, woorde wat getuig en hande wat dien.

Die lied verklaar nie hoe sterk ons geloof reeds is nie. Dit bid eerder vir wat ons deur die werking van die Gees kan word: 'n geloofsgemeenskap wie se geloof sigbaar word in hoe ons luister, praat, kyk en dien.







**"Jesus, U is hier"** is gebou rondom een eenvoudige geloofsbelydenis: Jesus is nie net deel van 'n verhaal uit die verlede nie – Hy is hier.

Soms het geloof nie nóg woorde nodig nie. Soms moet ons een waarheid lank genoeg herhaal totdat dit van die kop na die hart beweeg en ons daarin tot rus kom.

Die lied reis deur sewe bewegings in die verhaal van Jesus: Jesus kom, Jesus roep, Jesus genees, Jesus leer, Jesus sterf, Jesus leef en Jesus heers. Elke beweging bring ons egter terug na dieselfde eenvoudige belydenis: Jesus, U is hier.

### Die liedjieskrywers

**Zander van der Westhuizen,** projekleier van Akkoord, en **Jattie de Beer**, die projek se musiekvervaardiger, maak reeds saam musiek sedert hulle SAMA-wennerdae as lede van Vertikaal. Zander is 'n radio-omroeper, predikant, skrywer en musikant wat oor die jare verskeie musiekproduksies op die planke gebring het. Jattie is bekend vir sy eie loopbaan as sanger en liedjieskrywer, asook vir sy werk as musiekvervaardiger van albums en liedere vir verskeie bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars.

**Deon Meiring** is 'n sanger-liedjieskrywer, musikant en storieverteller wat reeds van sy skooldae af liedjies skryf. Hy het bekend geword as hoofsanger, kitaarspeler en liedjieskrywer van Glaskas en het daarna ook 'n suksesvolle solo-loopbaan gevestig. Sy vermoë om stories, musiek en eerlike lirieke bymekaar te bring, gee 'n besondere kleur aan die Akkoord-skryfspan.

**Ferreira Marais**, 'n predikant, en **Neil Büchner**, 'n aanbiddingsleier, is albei ervare musikante en liedjieskrywers. Hulle skryf en maak gereeld musiek en is aktief betrokke by aanbidding in gemeentes. Dit gee hulle 'n besondere aanvoeling vir liedere wat nie net goed klink nie, maar ook deur geloofsgemeenskappe saamgesing kan word.

**Nico Simpson** is 'n woordkunstenaar en skrywer met 'n besondere aanvoeling vir taal, beelde en vars lirieke. Sy kreatiwiteit en vermoë om bekende geloofstaal op nuwe maniere te verwoord, maak hom 'n belangrike stem in die Akkoord-skryfproses. Hy is tans die HUB van Bybel-Media.

## Sing saam!

Akkoord se hoop is dat hierdie liedere nie net op 'n verhoog gehoor sal word nie, maar in gemeentes sal begin leef.

Die vier liedere is onder Akkoord op Spotify, Apple Music en ander musiekstroomdienste beskikbaar. Bladmusiek vir gemeentegebruik word ook gratis deur Bybel-Media se platforms beskikbaar gestel, sodat gemeentes die liedere maklik kan aanleer en saam sing.